**5 Oktober**

**Skrifgedeelte: Matteus 7:7-12 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Matteus 7:7, 11**

## Bid en vir julle sal gegee word

In die bergprediking onderrig Jesus sy dissipels en ons oor verskillende sake. Hy leer om sout vir die aarde en lig vir die wêreld te wees. Hy leer die ware sin van die wet, dat dit nie net uiterlik soos die Fariseërs gebruik moet word nie; die innerlike gesindheid moet ook reg wees. Hy leer wat die regte gebedsgesindheid is, asook die volmaakte gebed. Hy leer dat God se koninkryk gesoek moet word en vir stoflike versorging op God vertrou moet word. Hy leer ook om nie te oordeel nie.

In Matteus 7:7-12 begin Hy die bergrede afsluit en leer dat al hierdie dinge alleen biddend volbring kan word. Daarom moet sy volgelinge aanhoudend bid, soek en klop, dan sal aan hulle gegee word, hulle sal vind en vir hulle sal oopgemaak word.

Die beeld wat Hy hier gebruik om te leer dat God sy kinders in staat sal stel om al die dinge te doen wat Hy van hulle vra, verwys na die basiese behoeftes van mense in hulle daaglikse lewe. Brood en vis was die mense in daardie omgewing se stapelvoedsel. Wanneer kinders brood en vis vra, vra hulle nie luukses nie, maar basiese, noodsaaklike lewensonderhoud.

Christus leer hier dat as ’n onvolmaakte mens aan sy kind die voedsel gee wat hy vra, hoeveel te meer sal die Hemelse Vader nie die goeie dinge gee aan dié wat daarvoor bid nie? Dit sluit geestelike en stoflike behoeftes in, alles wat nodig is vir die instandhouding van ’n lewe deur die Heilige Gees, om die eise te kan naleef wat God aan sy dissipels stel. God is ter wille van Christus se soenverdienste ons Vader. Hy het ons verlos en ons moet uit dankbaarheid vir hierdie verlossing die eise wat God se Woord aan ons stel, naleef.

Ons leef in moeilike omstandighede waarin dit soms moeilik is om getrou te bly aan die eise van God se Woord. Ons kan dit nie uit onsself doen nie, ons kan Christus se eise alleen getrou uitvoer as God sy genade en Heilige Gees aan ons gee, as Hy ons elke dag geestelik en stoflik versorg. Daarom moet ons volhardend en getrou bid vir God se goeie gawes, dan sal Hy vir ons alle gee wat ons nodig het om Hom na liggaam en siel volgens sy Woord te dien.

*Sing: Psalm 103:7, 9 (1936)* *Ds. CJJ Putter (Potgietersrus)*